



DIE VOORTREKKERS KLAPPERKOP Medemenskamp 2020



Geagte Kommandoleier en Gr 7 Spanoffisiere (van 2020)

Soos u weet is Medemens een van die belofte spesialisasies wat die Penkoppe en Drawwertjies in Gr 7 moet doen om te kwalifiseer vir Voorslag. Die MEDEMENS KAMP is 'n Transvaalse GGN (Gebiedsgoedgekeurde Naweek) vir Gr 7 Penkoppe en Drawwertjies en word aangebied deur Klapperkop Kommando.

Hierdie kampbrief is vir alle Gr 7's van 2020 bedoel.

- WANNEER:** Vrydag 13 Maart 2020 (16:00) tot 15 Maart 2020 (14:00)
WAAR: Hartbeesfontein Voortrekkerplaas (Noordoos van Pretoria)
WAT: Medemens Spesialisasie
- UITNODIGING:** Ingesluit vind u 'n spesiale uitnodiging, gerig aan die Gr. 7 Voortrekkers. **DUPLISEER EN GEE DIT ASB. AAN GR. 7 VOORTREKKERS. DIT IS OOK DIE INPAKLYSIE**
- KOSTES:** Gr 7: R490-00 (Indien u inskrywing na 28 Februarie 2020 ontvang word beloop kostes R540-00)
Volwassenes: R350-00
- HEMDE:** 'n Medemenskamp hemp is beskikbaar vir Volwassenes teen R150. Daar word van **ALLE** volwassenes verwag om Saterdag 'n rooi hemp te dra (indien jy nie 'n rooi Medemenshemp het of aankoop nie, bring jou eie rooi hemp saam).
Hemde is nie vir jeuglede nie.
- BEPERKING:** **DAAR IS SLEGS PLEK VIR 200 JEUGLEDE**
Te veel van die dinamika van die kursus gaan verlore as ons meer kinders aanvaar.
Skryf asb. vroeg in om teleurstelling te voorkom.
- OFFISIERE:** Geen Volwasse opleiding word tydens die kamp aangebied nie. Merk asb. u voorkeur van diens op die elektroniese inskrywingsvorm.
- VERVOER:** Elke kommando is verantwoordelik vir vervoer van eie jeuglede na en van die terrein.
- SLAAPPLEK:** Gr 7: Elke span moet hul eie tent bring
Volwassenes: Slaaplokale of eie tent
- SLUITINGSDATUM:** Die sluitingsdatum vir inskrywings asook die betaling van kampfoeie is **Vrydag 28 Februarie 2020**. Elke inskrywing kry 'n unieke verwysing wat gebruik moet word vir betalings.
- BANKBESONDERHEDE:** Elke inskrywing sal 'n unieke verwysing ontvang wat gebruik moet word vir die betaling. Die epos wat gestuur word nadat die inskrywing voltooi is, sal die bankbesonderhede en verwysing besonderhede bevat.

Ons sal teen 28 Februarie 2020 'n opsomming van inskrywings aan jou kommando AKL Admin stuur om seker te maak al die inskrywings is ontvang.

INSKRYWINGSVORMS: Inskrywings word aanlyn voltooi by <https://inskrywings.voortrekkers.co.za> Kies Medemenskamp 2020.

NAVRAE: Navrae kan gerig word by onderstaande kontaknommers.
Neem asb. kennis dat geen alkohol toegelaat word op die kamp nie.

Groete

Nico Snyman
Kamleier
Selfoon: 082 850 0550
Epos: nicosny@mweb.co.za

Nicci Kleynhans
Kampadmin
Selfoon: 083 303 3061
Epos: medemenskamp@gmail.com